# 'n Ware Oostvalleiverhaal

Hier is die pragtige storie van Zet en Rona Eloff sedert hulle ingetrek het in hulle nuwe aftreeplekkie:




Hulle straal van vreugde as hulle vertel van hulle "kinders" in die bome om hulle huis. As hulle 'n paar dae weggaan kla die bure dat hulle "kinders" duidelik na hulle verlang en voor die vensters en deure sit en treur – veral die houtkappers wat in die doringbome vlak by die voordeur heerskappy voer.

Sommer half in die voordeur is ook die voerplek, waar die gedurige geklap van vlerke en vrolike voëlsang jou nader roep. Maar moenie glo dat 'n voël nie verdere kommunikasievermoëns het as net sang nie. Ek het met my eie oë en ore gesien en gehoor hoe 'n houtkapper (moet 'n wyfie wees) aan ons geselskap kom deelneem terwyl ons heerlik buite onder die doringboom en pendoring om die koffietafeltjie sit en kuier.

Zet het met trots die boom uitgewys waar 'n houtstompnes met 'n gat in hang en beduie hoe ons moet oplet dat sy "kinders"

nou-nou sal aankom vir die gesels. Toe roep hy ook sommer: "Maaaagriet, waar is jy? Kom huis toe!" En wraggies, nie tien tellings later nie, toe sit sy op die stomp en loer ons vreemdelinge deur. Skielik gee sy 'n paar harde kappe teen die stomp, wip binne-in en sit-loer deur die gat. Zet verduidelik dit is die teken vir Piet om dadelik huis toe te kom – en sowaar! Die woorde was nie koud nie, toe sit Pa-Piet op die stomp en moet hy sy bek hou, want sý voer die gesprek. Sy sit so, draai die koppie en luister goed as Zet praat. Ek kan sweer ek hoor haar terugtjirp met die nodige lyftaal daarby!



Griet en Piet is twee houtkappers en Zet vertel toe hulle storie:

"Ná die stomp in die boom geplaas is, het daar eers 'n kuifkopmannetjie die woonstel kom inspekteer. Hy is egter krities daar weg en later kom die rooikoppe daar aan. Die huiskykery is, na die nodige kloppery teen die stomp om die duursaamheid en digtheid te toets, netjies afgehandel. Toe bekyk hulle die huismense op en af.

Met dié dat ons kyk, gaan sit die twee bo-op die stomp, hef saam hulle manjefieke duet aan.... en woeps! Paar hulle

net daar. Die nesmaak en broeiery het gou gegaan en siedaar! Daar loer weldra ook die kleine uit."



Zet word egter ooggetuie van 'n heerlike wrede drama: "Die kuifkop waag dit eendag om weer op die stomp te kom sit en selfs binne-in die nes te kruip. Skielik klink daar benoude alarmkrete op en die rooikop (moes die wyfie wees) dons in daardie gat in met klappende snawel. 'n Mens hoor die gestoei binne en daar kom sy met kuifkop sommer so half aan sy wang vasgevat in haar bitsige snawel, sleep hom uit die nes uit en smyt hom eenkant toe, met die nodige lyftaal en klappende snawel.

Nou is hulle Ma-Griet en Pa-Piet."

Zet en Rona Eloff (85)
September 2004